June 5, 2003
Volume 1, Issue 3

# Informa *Express*

*Universiteit van die Vrystaat --- University of the Free State --- Yunivesithi ya Freistata*

## Universiteit bars uit sy nate

Die sterk groei van studentegetalle aan die Universiteit van die Vrystaat het vanjaar voortgeduur met sowat 20 000 studente wat by die universiteit ingeskryf is. As Vista aanstaande jaar by die UV geïnkorporeer word, kan die getalle aangroei tot meer as 21 000.

Prof. Frederick Fourie, Rektor, het hierdie week op die Senaatsvergadering gesê dit is fenomenale groei sedert vier jaar gelede toe die studentetal op sowat 10 000 gestaan het.

Die studentetal (Qwaqwa uitgesluit) het Maandag op 18 236 gestaan, (19 723 met Qwaqwa ingesluit). Teen die ooreenstemmende tyd verlede jaar was daar 15 252 studente. Dit verteenwoordig 'n toename van bykans 20% op verlede jaar (sonder Qwaqwa).

Van die ongeveer 20 000 studente is slegs sowat twee derdes egter op die kampus in Bloemfontein, en die res by ander aflewe-ringspunte in die Vrystaat en Oos-Kaap en elders in Suid-Afrika, Afrika en die wêreld. Die meeste hiervan is in Opvoedkunde se onder-wysersopgraderings-programme.

Die grootste getal studente is in die Fakulteit Geesteswetenskappe (7909, sonder Qwaqwa) met Opvoedkunde (5709) wat die grootste subgroep hiervan uitmaak, gevolg deur Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (3423), Natuur- en Landbou-wetenskappe (2705) en dan Gesondheidswetenskappe (2293). Persentasiegewys was die grootste toename in studente by die Fakulteit Geesteswetenskappe (31%), gevolg deur Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (16%), en Natuurwetenskappe (12%).
Opvoedkunde het die grootste groei van 41% op verlede jaar getoon.

Prof. Fourie het gesê die studentegetalle het nou tot 'n punt gegroei waar die bestuur daarvan moet bekyk word.

## Green light for three vice-rector level posts

Senate this week gave the green light that three posts on the level of vice-rector be advertised. Council will have the final say on the matter at its meeting tomorrow.

Three clusters of responsibilities have been identified, but there will be flexibility in the process of advertising and appointment to ensure the optimum allocation of tasks to suit personal skills. All the posts need not be called vice-rectorships either.

Concerns were raised in the Senate meeting that positions are created on the Administration side to the disadvantage of the faculties. Prof. Frederick Fourie, Rec-tor, dealt with these concerns by saying the new positions will fall within the set ratio of faculty to support service SLEs and within the budget ceiling of 53% for total staff expenditures. This is possible because both faculties and administration will receive more SLEs next year to create capacity to handle the growth. Even though the subsidy lags behind growth, financing of further SLE expansion next year will be possible. Prof. Fourie said the university will not survive the next five to ten years of rapid change in higher education if it doesn't have the right people in place – in admin *and* academe – to do the work.

### Medelye

Prof. Ben de Koker (76), bekende akteur en akademikus het hierdie week sy stryd teen kanker verloor. Hy was vir meer as 20 jaar hoof van die Departement Drama en Toneelkunde aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy was vroeër betrokke by die stigting van die destydse Goudstadse Onderwyskollege in Johannesburg, waar hy hoof van die Departement Engels was. Hy het ook bekendheid verwerf vir sy rolle in radioproduksies van die SAUK. Sy begrafnis is Saterdag om 12:00 uit die NG kerk Bloemheuwel in Bloemfontein.

***Kontak ons met nuus::***

Leatitia Pienaar 9188

Anton Fisher 2749

Karen Minnaar 3422

Informa.stg@mail.uovs.ac.za

# Oud-Kovsie hou reünie in Londen

Ken jy 'n oud-Kovsie wat in Europa woon en smag na die Vrystaatse vlaktes en 'n lekker skaapbraai? Dan moet jy dadelik die boodskap oordra dat die UV se Castle Lager Kovsie-Alumni-reünie vanjaar op 11 Julie op die Wembley-stadion in Londen plaasvind. Dié reünie val saam met die UKkasie-kunstefees en UV-Bemarking gaan ook op 12 en 13 Julie 'n stalletjie by die fees hê.

Me. Jeannette Jansen, Bemarker by UV-Bemarking, sê vanjaar se reünie word moontlik gemaak deur Suid-Afrikaanse Brouerye (SAB), met wie se hulp die Kovsie-alumnibond beplan om twee sprekers en 'n gewilde Suid-Afrikaanse gaskunstenaar te kry om te sorg dat elke oud-Kovsie se intellek en gees tydens dié okkasie gestimuleer word.

Verlede jaar het 110 oud-Kovsies die reünie bygewoon en meer as 500 nie-Kovsies het hulle deur die loop van die aand by die reünie aangesluit. Kovsie-Alumni beplan 'n nog groter saamtrek vir vanjaar.

Ons kan niks aan die vlaktes doen nie, maar as jy van iemand weet wat sal belangstel in 'n Vrystaatse spitbraai en 'n groot Kovsie-kuier, stuur die persoon se besonderhede aan alumni@mail.uovs.ac.za. Vir meer inligting, kontak Jeannette Jansen by (051) 401-3744 of 082 563 1055, of Marelize Jacobs by 082 926 1452.

## Kalender vir 2004

Die UV se kalender vir 2004 sien soos volg daaruit:

**Eerste kwartaal:**
Eerstejaars begin op 2 Februarie
Eindig op 26 Maart

**Tweede kwartaal:**
Open op 14 April
Eindig op 28 Mei
Eksamens begin 31 Mei
Eksamens eindig 25 Junie

**Derde kwartaal**:
Begin 19 Julie
Eindig 22 September

**Vierde kwartaal:**
Begin 4 Oktober
Eindig op 29 Oktober
Eksamens begin 1 November
Eksamens eindig 27 November

## In memoriam

The following students passed away recently:
▪ Mr M.L. Mtimkulu (B.Sc.) of Witsieshoek
▪ Ms M.A. Khomoeasera (B.Com.Rek) of Masoheng
▪ Mr N.B. Mhlanga (B.Com) of Ladysmith

Our condolences go to their families and friends.

## Language policy to council

The University of the Free State must make its handling of language on the campus one of the features of the university, Prof. Frederick Fourie, Rector, said this week at a meeting of the Senate. The Senate gave the green light for a draft language policy that will serve before Council tomorrow.

The explicit bi- and multilingualism model makes the UFS unique, and the university is a step ahead of the other higher-education institutions in the formulation of a language policy.

The language policy of the UFS respects and is founded on the university's vision and commitment to quality and equity, its mission as a university and academic institution, its values, its socio-political, cultural and geographical environment, its statute and its legislative environment.

It is also one of the first steps in achieving the Rector's vision for the UFS as spelled out in his inaugural speech in February this year, namely to focus on continuity and change, scholarship and community, quality and equity to take the UFS into its next century.

Some of the main points in the draft policy are:
● That it recognises the intrinsic nature of a university as a place of scientific practice and scholarship that establish and require a specific context for language and communication
● That the UFS is a multi-lingual and multicultural institution where multi-lingualism is pursued and promoted within the larger context of a commitment to a non-racial, non-sexist, multi-cultural and multilingual institution.
● The language policy respects, proceeds from and is directed at pursuing the UFS's values of academic freedom and autonomy, equity, integrity, excellence and service orientation
● The main languages of the university will be English and Afrikaans and the manage-ment of proficiency in the main languages will be a strategic priority. Sesotho will also be promoted and supported as a scientific language and as a South African language in higher education.
● The UFS will maintain a system of parallel-medium by teaching in Afrikaans and English.

## Aangestel

■ Dr. W.H. Kruger is aangestel as Medeprofessor, Hoofspesialis en Hoof van die Departement Gemeenskapsgesondheid
■ Dr. M.G.L. Spruyt is aangestel as Senior lektor, Hoofspesialis en Hoof van die Departement Kliniese Sorg.

## Riglyne neergelê vir briefhoofde

Fakulteite en departemente word weer daaraan herinner dat riglyne neergelê is vir die standardisering van briefhoofde, visitekaartjies, komplimentêre strokies en koeverte. Besonderhede hieroor is verkrygbaar by mev. Tersia Wilken van Xerox.

Mnr. Ivan van Rooyen, Hoof van UV-Bemarking sê groter eenvormigheid ten opsigte van die skryfbehoeftes het noodsaaklik geword om die korporatiewe identiteit van die UV uit te dra.

Die gedagte bestaan ook om briefhoofde vir aanstaande jaar se eeufeesvieringe aan te pas. Mense moet dit in gedagte hou wanneer hulle skryfbehoeftes bestel. Meer besonderhede hieroor kom in die volgende semester, sê hy.